12 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #29

Geliefde Gemeente,

Vandag, was om verskeie redes baie spesiaal.

Vir die afgelope 100 jaar plus, het die Opstanding-Sondag nog net drie keer op die 12de April geval – 1998, 2009 en 2020. D.w.s. dit is die derde keer. Om te dink, tot-en-met 2078 sal dit nie weer gebeur nie, met ander woorde in u en my leeftyd was dit die laaste keer. Ek dink, daar is 'n dieper betekenis hieraan verbonde.

In 1962 het ek die volgende Skrif van God ontvang: ***Jes. 54:11 "Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ongetrooste! Kyk, Ek lê jou stene in sierklei, en Ek grondves jou in saffiere;"*** Vandag, 58 jaar later is hierdie teks bevestig in 'n verjaarsdag-geskenk wat ek van die gemeente ontvang het: In die vorm van 'n juweel – vir 'n nek-hanger.



Die hanger dateer vanaf EEIII se dae. Die goud is afkomstig van 'n kiestand wat ek laat verwyder het. Die diamant is geset saam met saffiere. Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak, om vir elke persoon wat 'n bydrae gemaak het, en vir die wie nog 'n bydrae gaan maak, te bedank, dat julle deel is van hierdie profetiese manifestasie. Dan gaan my dank ook aan Johan Vosloo, wie vir die ontwerp en vervaardiging verantwoordelik is. Selfs die gietwerk was handgemaak.

29 April 2016 het ek ook ***vers 14*** ontvang en dit is die aspek wat ek wil uitlig:

**Deur die geregtigheid van God**: word nie volbring en bevestig, deur die toedoen van 'n mens nie. Word ook nie voortgebring deur saffiere en diamante nie. **Sonder die kruis**: beteken die saffiere en die diamante niks nie. Dit is die kruis, wat die geregtigheid van God aan ons openbaar. Hierdie diamant in my hangertjie, is 'n klein blykie wat aanduidend is, tot die Diamant van alle diamante: **JESUS CHRISTUS.**

***"Ek lê jou stene in sierklei"*** – ek loof God vir elke saffier wat Hy aan my toegevoeg het: Elkeen wat deel is van hierdie ***"Elia-span".*** Elkeen wie deur God geroep is en in leierskap verordineer is. Elkeen wat hom- of haarself beskikbaar gestel het, elkeen wie gehoorsaam geword het, tot die dood toe.

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335